# Die regte en verantwoordelikhede van ouers en kinders!

**Donderdag 28 Julie 2022**

**Kol 3:20,21**

**20** "Kinders, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo.
**21** Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie."

Ons lees reg aan die begin van die Bybel in **Gen 1:27,28** dat "God die mens geskep het as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.
**28** Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit."

Normaalweg is die seëninge daar in 'n huwelik dat God kinders aan ouers gee en wat 'n wonderlike geskenk is kinders nie. Maar wat 'n wonderlike geskenk is ouers aan kinders ook en dank ouers wat hulle kinders in die vrese van die Here grootmaak, 'n christelike huis daar stel.

**Daarom het kinders sowel as ouers regte en verantwoordelikhede.**
**Kinders het die reg...**

- Om gebore te word, want die lewe kom van God af.
- Om gebore te word in 'n christelike huis waar hulle grootgemaak sal word in die weë van die Here. **Ef 6;4** "En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil."
- Om in liefde grootgemaak te word.
- Om gedissiplineer te word in liefde.
- Om ouers te hê wat elke dag vir hulle bid en hulle aan die Here opdra.

**Kinders het egter ook verantwoordelikhede....**

- Hulle moet gehoorsaam wees aan hulle ouers.
- Kinders wat gehoorsaamheid en dissipline geleer word van huis uit, sal ook gehoorsaam wees aan hulle onderwysers, die staat, hulle werkgewers ens.
- Die wetteloosheid in ons samelewing is die gevolg van wettelossheid by die huise.

Daarom ouers... **BID ELKE DAG VIR JOU KINDERS EN KLEINKINDERS!**

**Om kinders groot te maak is 'n verantwoordelike en Goddelike opdrag!**

Ouers moet hulle kinders grootmaak met respek en eerbied vir mekaar. Kinders leer veral deur voorbeeld as hulle kleiner is. Wees 'n voorbeeld vir jou kinders op die volgende maniere....

- Dien God sigbaar deur jou Bybel te lees en te bid.
- Hou huisgodsdiens sodat hulle God kan leer ken. Dit is 'n opdrag in **Deut 6:5-7**
  **5** "Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.
  **6** Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly.
  **7** Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."
- Spandeer tyd met jou kinders sodat julle werklik mekaar kan ken en kan liefhê.

Daar was ’n studie in Amerika waar hulle in ’n sekere dorp bevind het dat pa’s slegs ongeveer 37 sekondes per dag met hulle kinders spandeer. *(Wiersbe. 1989:143)*

- Jou grootste geskenk aan jou kinders is om kwaliteit en kwantiteit tyd aan hulle te spandeer.
- ’n Kind se ouerhuis moet die veiligste en beste plek wees in sy of haar lewe.
- Daar moet ’n kind veilig en geborge voel.
- Moet nie jou kinders met mekaar vergelyk nie.
- Bou elke kind in liefde deur elke kind te bemoedig en te versterk en aan te spoor om die gawes wat hy of sy van God ontvang het, ten volle uit te leef.

**Die lewe vandag eis baie van ouers sowel as van kinders.** Die lewe slurp ons tyd op. Maar dit is baie belangrik dat ons die belangrikste verhoudinge nie moet afskeep nie.

- Spandeer tyd om God te dien!
- Spandeer tyd aan mekaar in die huwelik as man en vrou.
- Spandeer tyd aan jou kinders om ’n gesonde christelike verhouding te bly handhaaf.

Eerskomende Maandag kyk ons DV na die onderwerp:

- Die Here het nie witbroodjies nie!

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***